| | |
|---|---|
| | **PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>PRIVAATSAK X53<br>PRINS ALBERT<br>6930 |

**DIREKTORAAT : FINANSIëLE DIENSTE**
**SUB – DIREKTORAAT: INKOMSTE DIENSTE**
**MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR INTERNSKAP PROGRAM (MFBIP)**

## KENNISGEWING NR 37/2022

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:

**Munisipale Finansiële Bestuur Internskap Program (MFBIP)**
**(1 pos) - (Twee jaar kontrak)**

**Vereistes:** Kandidate moet minstens beskik oor 'n driejaar Baccalareus-graad of Nasionale Diploma met hoofvakke wat insluit Rekeningkunde, Ekonomie, of Finansies, insluitend Risikobestuur en/of Ouditkunde. Kandidate moet tussen 21 en 35 jaar oud wees.

Die bekleër moet 'n dienskontrak sowel as 'n internskap-ooreenkoms onderteken. Die doel van die ooreenkoms is om 'n verbintenis tot die program te verseker insluitend volle deelname aan opvoedkundige-, sowel as werkplek opdragte en die nakoming van beleide en prosedures insluit.

**Internskap oorsig:** Die MFBIP is 'n gestruktureerde professionele opleiding en werksondervinding program, met die doel om hoë kwaliteit opleiding en praktiese blootstelling in sleutelgebiede van die Finansiële Departement te verskaf en te verseker dat die nodige vaardighede aangeleer word.

**Vergoeding: R 108 000.00 per jaar (alles insluitende pakket)**

**Rig 'n volledige curriculum vitae, vergesel van 'n dekbrief en gewaarmerkte afskrifte van toepaslike kwalifikasies, aan mnr Abridon Sass, Menslike Hulpbronne Afdeling, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel 023-5411 036.**

**Sluitingsdatum: VRYDAG 01 APRIL 2022**

**Aanvangsdatum van kontrak: SO GOU MOONTLIK**

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-wergewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

***Let Wel:*** *Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie. Kandidate moet bereid wees om aan evalueringstoetse onderwerp te word. Gunswerwing sal tot diskwalifikasie lei.*

| | |
|---|---|
| **PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**PRIVAATSAK X53**<br>**PRINS ALBERT**<br>**6930**<br><br>**TELEFOON NO: 023 – 5411320**<br>**FAKS NO: 023 – 5411321**<br>**Email adres:** aldrick@pamun.gov.za | **ALDRICK HENDRICKS**<br>**WNDE. MUNISIPALE BESTUURDER**<br><br>**02 MAART 2022** |